

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 40: Balak – Balak

Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra'el aan die Emoriete gedoen het.
Num. 22:2 – PWL¹

Torah : Numeri 22:2 tot 25:9

Haftorah: Miga 5:6 tot 6:8

Nuwe Verbond: Matt. 24:11, 24; 2 Pet. 2:1 tot 22; Judas 11; Open. 2:14 en 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 40 wat afgelaai kan word by: [Parashah40Notas.14](#) en [Parashah40Notas15](#) en [Parashah40Notas16](#).

God has wisely kept us in the dark concerning future events and reserved for himself the knowledge of them that He may train us up in a dependence upon Himself and a continued readiness for every event – Matthew Henry.

Prophecy is True and Sacred and should never be mishandled by people who have no business speaking about Sacred Things in God's Name – Errol Anthony Smythe.

All portions of Scripture ought to be approached with deep humility and earnest prayer for the teaching of the Spirit. On no point have good people so entirely disagreed as on the interpretation of prophecy; on no point have the prejudices of one group, the dogmatism of a second and the extravagance of a third done so much to rob the church of truths which God intended to be a blessing – J. C. Ryle.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

We can always be sure of one thing – that the messengers of discomfort and sacrifice will be stoned and pelted by those who wish to preserve at all costs their own contentment –
Christopher Hitchens.

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn.

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*chukkat*) het ons geleer van YHVH se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater. Die doel van die verbranding van die rooi verskalf, en die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met die dood in kontak was. Net so is vertrou in Yeshua se folterdood en opstanding, as versoening met YHVH, die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het gesterf sodat elkeen wat in Hom as Verlosser vertrou gereinig kan word van die geestelike dood en die mag wat die fisiese dood oor ons elkeen het.

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater bevattende die as van die verskalf was slegs 'n fisiese sinnebeeld van 'n toekomstige geestelike werklikheid. Yeshua is die vervulling van hierdie wetsinsetting. Hy is YHVH se Reinigingswater. Daarom sal enige toekomstige bereiding van reinigingswater, bevattende die as van 'n rooi verskalf, 'n verwerping wees van die vervulling van hierdie wetsinsetting deur Yeshua se dood aan die folterpaal! Dit sal rebellie teen YHVH-God wees!

In hierdie week se Torahstudie kry ons ook te doen met 'n vorm van rebellie teen YHVH wanneer ons leer van Bileam wat sy eie begeertes bo die wil van God kies.

Profete en Profesie.

Bileam was bekend as 'n profeet wat klaarblyklik internasionale erkenning geniet het. Maar die volgende kan egter aangaande Bileam gevra word: Was hy 'n ware of vals profeet? Was hy nie maar net 'n fortuinverteller en geestebesweerder nie?

Indien ons Bileam meet aan die definisie van 'n ware profeet volgens die Skrifte, dan is hy 'n vals profeet! 'n Ware profeet word deur YHVH aangestel en is daarom YHVH se afgevaardigde (verteenwoordiger) met 'n profetiese woord aan Sy volk (Israel). 'n Ware profeet bring die boodskap wat in YHVH se hart is sonder om dit te bevraagteken of om, soos Bileam voorkeur aan sy eie begeertes te wil gee! En dan die mees belangrike is dat 'n ware profeet tree nooit in eie belang op nie!!

Bileam het nie voldoen aan die vereistes van 'n ware profeet nie. Nee, sy eie belange het voorrang geniet!

Ya'acov Natan Lawrence beskryf die bediening van 'n profeet soos volg:

A prophet is one who hears the word, heart and will – or oracles – of YHVH and accurately transmits what he has heard only to those to whom YHVH has told him to go, and only when and where he has been told to go. If that prophet does not follow YHVH's

specific instructions in this regard, then YHVH will hold him accountable. If he repents for his disobedience (like Nathan the prophet did when he told David to build the Temple, 2 Sam 7:3–17) then he will still remain a prophet before YHVH. If he does not repent, then YHVH considers him to be a false prophet and YHVH's judgment will come against that false prophet (e.g. Jer. 23:9–40). (<http://www.hoshanarabbah.org/pdfs/propheticmin.pdf>.)

'n Profesie is 'n boodskap wat deur YHVH geïnspireer is en is daarom 'n goddelike openbaring. Die Apostel Petrus stel dit soos volg:

19Vir ons is daar ook die waarheid van die profetiese woord, wat julle goed sal doen om na te kyk soos na 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die son sal skyn in julle verstand, wil en emosie. 20Eerstens moet julle dít weet: geen profesie word uitgelê deur die een wat dit skryf nie, 21want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat. 2 Pet. 1:19 tot 21.

'n Profeet is dus iemand wat boodskappe van YHVH ontvang en dit aan ander oordra!

Volgens bogenoemde kan ons onderskeid maak tussen 'n ware en vals profete. Indien hierdie saam gelees word met wat Petrus skryf ten opsigte van valse leraars, kry ons meer insae in die karakter van Bileam en bevestiging dat hy 'n vals profete was:

15Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het, 16maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die profete verhoed het. 17Hulle is fontein sonder water; wolke gedryf deur 'n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word, 18want wanneer hulle leë verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur 'n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is. 2 Pet. 2:15 tot 18.

Bileam het die loon van ongeregtigheid (van die bose) liefgehad! Hy is 'n voorbeeld van 'n profete wat sy eie geregtigheid opgerig het en nie wandel in die geregtigheid van YHVH nie!

Bileam dien as waarskuwing aan ons dat in die laaste dae sal daar ook die vals profete wees soos wat Yeshua ons gewaarsku het:

Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe. Matt. 7:15.

Hierdie vals profete sal die waarheid en die leuen meng om dit meer ontvanklik te maak vir die mense. Soos Paulus skryf:

3want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel 4en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. 2 Tim. 4:3 en 4.

Bileam se optrede was *more for the profit motive than the prophet motive*.

Nie net het Bileam sy eie belange vooropgestel nie, maar wou hy graag vir Balak tevrede stel. Bileam was dus 'n *people pleaser*, veral as dit vir homself voordelig was. Maar hy was oortuig dat hy getrou aan YHVH was, hoewel hy met sy een voet in die wêreld gestaan het en met sy ander voet in gehoorsaamheid aan YHVH.

Bileam is daarom ook die sinnebeeld van gelowiges wat die geestelike en die vleeslike meng en glo dat hulle YHVH in gees en in waarheid dien (Joh. 4:24).

Volgens *Hitchcock's Bible Names* beteken Bileam *die vernietiger van mense*. 'n Vals profeet is die vernietiger van mense! Hy is nie YHVH se vriend nie en ook nie die vriend van mense nie! YHVH se hartsgesindheid as Redder van mense was nie die hartsgesindheid van Bileam nie en daarom is Bileam die sinnebeeld van die hartsgesindheid van vals profete. Onthou: 'n Ware profeet se boodskap bevat YHVH se tugtiging, maar ook die reddende genade deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een.

Op geen stadium het Bileam hierdie profetiese rol teenoor Balak vervul nie. Nee, Bileam het sy eie belange voorop gestel en was bereid om Israel te vervloek en sodoende sy naam as *vernietiger van mense gestand te doen*, want die waarsêersloon wat hy aangebied was, was baie aanloklik.

Aan beide die afvaardigings van Balak het Bileam hom egter voorgedoen as 'n profeet wat YHVH se stem hoor en slegs die dinge spreek wat YHVH hom beveel (Num. 22:13, 18, 38 en Num. 23:12). Daarom het hy aan die eerste afvaardiging gesê: *Gaan na julle land, want YHVH het geweier om my saam met julle te laat gaan* (Num. 22:13). Bileam was egter nie tevrede dat hierdie die finale antwoord van YHVH was nie, en daarom was hy bereid (begerig) om ook na die tweede afvaardiging van Balak te luister en 'n tweede keer by YHVH te gaan hoor of hy Israel mag vervloek (Num. 22:15 tot 19). Dat Bileam telkens wel net die woorde van YHVH gespreek het is waar, maar dit was nie wat Bileam graag wou doen nie. Nee, hy was heeltemal bereid om Israel te vervloek. Bileam het met sy mond YHVH vereer, maar sy hart was vêr van God verwyder (Matt. 15:8).

Nou kan wel gevra word of dit dan nou regtig verkeerd van Bileam was om twee keer na YHVH met dieselfde versoek te gaan? Leer ons dan nie in die nuwe verbond om aan te hou vra, te soek en te klop nie (Matt. 7:7 en 8)? Het Yeshua dan nie met die gelykenis van die onregverdige regter ons geleer om soos die weduwee aanhoudend te vra nie (Luk. 18:1 tot 8)? Die les om hieruit te leer is dat:

- ❖ Ons moet aanhou vra tot ons 'n antwoord kry. Daardie antwoord moet ons dan as finaal aanvaar en dan nie probeer om YHVH van plan te laat verander deur ons gebede nie. Ons moet onthou dat in YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). **MAAR**,
- ❖ Dan moet ons ook net dit vra wat met Torah versoenbaar is. Ons kan nie vir dit vra wat teenstrydig met YHVH se Torah is nie!
- ❖ Ons hartsgesindheid, naamlik dit wat ons motiveer om te vra, is uiters belangrik. Vra ons met 'n gesindheid waar Vader-God se vereistes voorop gestel word? Vra ons met 'n opregte bedoeling dat YHVH se wil moet geskied en nie ons wil nie?

Bileam moes die Woord van YHVH onvoorwaardelik geglo het toe God vir hom gesê het om nie die Israeliete te vervloek nie, want hulle is geseënd. Verder moes Bileam geweet het dat Israel YHVH se uitverkore volk was. Waarom dan nog vra of hy YHVH se volk kan vervloek? Bileam was selfsugtig en wou hê dat sy wil moet geskied! Hy het inderdaad teen YHVH gerebelleer!!

Bepeins of Bespreek

1. Soos reeds genoem was Bileam 'n Babiloniër en daarom is hy ook 'n sinnebeeld van die Babiloniese godsdienstsisteem van die einde van dae (Open. 13:11) en waarvan die Vals Profeet die godsdienstige hoof sal wees (Open. 16:13; 19:20 en 20:10). Hierdie Babiloniese godsdienst sal 'n mengsel van die goeie en die bose wees wat ons herinner aan die boom van kennis van goed en kwaad wat Adam en Eva bekoor (mislei) het om af te dwaal van YHVH se weg van waarheid en geregtigheid. In die einde van dae roep YHVH Sy volk om uit hierdie Babilon uit te kom:

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4

Bestaan hierdie Babiloniese godsdienstsisteem reeds? Wie en wat is hierdie hedendaagse Babilon? Tot watter mate het jy gehoor gegee om uit haar uit te kom sodat jy nie gemeenskap met haar sondes sal hê nie? Onthou ook Yeshua se waarskuwing van die vals profete (soos 'n Bileam) wat in die laaste dae sal verskyn om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24). Hoeveel ware profete is daar vandag?

2. Slaag ons altyd daarin om 'n ware profeet van 'n vals profeet te onderskei? Is die onderskeid tussen 'n ware profeet en 'n waarsêer (fortuinverteller) altyd duidelik? Die eerste toets is of die boodskap van die profeet in harmonie is met YHWH se Torah, m.a.w. is dit 'n voortsetting van wat reeds deur YHWH se Woord onomwonde gesê is of is dit die boodskapper se eie woorde? Die profeet se woorde moet dus ooreenstem met Torah, met die Profete, met die Psalms en met die Skrifte van die nuwe verbond. Maar dit opsigself is nie genoegsame bevestiging van 'n ware profeet nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken en daarom is die karakter en hoedanighede van die persoon as te ware bepalend of dit 'n ware profeet is of nie. Is dit nie ondermeer die les van hierdie week se Torahstudie nie?
3. Talle wat bely dat hulle op grond van hulle vertrouwe in die gekruisigde en opgestane Messias gered is, wil al die seëninge van YHVH deelagtig wees sonder om Torah gehoorsaam te wees. Is dit nie 'goedkoop' genade nie?

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoeffer

Is Open. 12:11 op jou van toepassing, veral die gedeelte wat sê: *en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie!* Is jy 'n lewende, afgesonderde en aan YHVH 'n welgevallige offer (Rom. 12:1) wat bereid is om te sterf vir wat jy glo?

4. Talle gelowiges probeer so naby as moontlik aan YHVH lewe sonder om die wêreldse dinge ten volle prys te gee en soos Abraham oor te gaan (*ahvar – cross over*) en 'n Hebreër (*Ivrit*) te word. Abraham het deur geloof wat hom regverdig verklaar het (Gen. 15:6) 'oorgegaan' tot gehoorsaamheid aan YHVH (Gen. 26:4 en 5). Alleenlik diegene wat bereid is om te doen wat Abraham gedoen het, kan aanspraak maak as die nageslag van Abraham en deel in die seëninge van Abraham!
5. Dit is duidelik dat Bileam die stem van YHVH gehoor het en dat hy die woorde van YHVH geprofeteer het en tog is Bileam saam met die Medianiete uitgewis as vyand van

God. So ook word Bileam voorgehou as 'n voorbeeld van die valse leraars (2 Pet. 2:15) en word daar na die verleiding van Bileam verwys (Judas 11), asook na hom as 'n struikelblok in die weg van Israel (Open. 2:14). Is Bileam nie moontlik een van diegene na wie Yeshua in Matt. 7:13 tot 24 verwys nie? *Kan Bileam nie ook vra: Maar het ek nie in U Naam geprofeteer nie...!* Dien hierdie nie as ernstige waarskuwing dat hoewel YHVH mense in Sy Raadsplan gebruik, dit opsigself nie noodwendig die bewys is van die salwing van YHVH en van redding nie?

6. Hoewel Bileam homself beskou het as iemand *met geopende oë, as die hoorder van God se woorde en wat die Allerhoogste ken* (Num. 24:4, 15 en 16), het 'n donkie meer geestelike insae gehad. Ironies dat Bileam 'n hele volk met sy woorde wou vernietig (vervloek), maar hy benodig 'n stok en 'n swaard om sy donkie tot gehoorsaamheid te dwing en dood te maak!? Hy het woorde vir geweld (dreigemente) verruil. So het 'n donkie die ware Bileam ontbloot en dit nogal in die teenwoordigheid van die afgevaardigdes van Balak!
7. Wat is die leer van Bileam? (2 Pet. 2:15, Judas 1:11, Open. 2:14). Dit is om te verkondig dat Yeshua nie die Messias is nie. Rabbynse Judaïsme is daarom die leer van Bileam, want hulle verkondig nie Yeshua as Die Gesalfde Een wat reeds gekom het nie! En tog is daar talle in die Messiaanse Beweging wat sê dat ons Torah by Rabbynse Judaïsme moet gaan leer!!

Almal Is Profete!

Die eerste keer waar ons in die Skrifte lees van 'n profeet is in Gen. 20:7 toe YHVH vir Abiméleg, die koning van Gerar, gesê het om Abraham se vrou, Sarah, aan hom terug te gee.

Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort.

Ons geestelik voorvader Abraham was dus ook 'n profeet! Het jy al ooit so daaraan gedink? Is ons as die nageslag van Abraham op grond van ons vertrou in Yeshua as die Messias (Gal. 3:7 en 29) dan nie ook profete nie?

Die antwoord vind ons in die definisie van 'n profeet? Die Hebreeus vir profeet, soos dit ten opsigte van Abraham gebruik word, is *nabi* (נָבִיא) en volgens Easton's Bible Dictionary is dit afkomstig van die grondwoord *naba* wat beteken *om te borrel soos 'n fontein*. 'n Profeet is dus soos 'n fontein wat borrelend is en die woorde van YHVH voortbring!

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloe'. Joh. 7:38

maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe. Joh. 4:14

Bileam word egter nie 'n *nabi* (profeet) genoem nie, maar 'n *kasam* wat *waarsêr* (voorspeller) beteken (Jos. 13:22).

Yeshua is die Lewende Water – die Fontein van Lewe – waarvan ons moet drink en ook vir ander moet gee om van te drink!

Elkeen wat dus ‘n verkondiger is van die Woord (boodskap) van YHVH is ‘n profeet! Elkeen wat die goeie nuus van Yeshua as Messias verkondig, is ‘n profeet. Dit is om ander deur woord en daad te lei tot die bron van Lewende Water. Ons behoort soos ‘n borrelende fontein te wees.

My binneste borrel oor van goeie nuus en ek vertel my dade aan die koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer. Ps. 45:2.

Terwyl dit waar is dat ons almal profete is, is ons egter nie almal aangestel in die amp van profeet nie! Dit is alleen YHVH wat ‘n persoon kies en aanstel in die amp van profeet. Soos YHVH Sy profete van die ou verbond gekies en in die amp aangestel het, so doen YHVH dit steeds in die nuwe verbond.

11en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, 12om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een 13totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:11 tot 13.

Om profeet van die nuwe verbond te wees is een van die ampte van die vyfvoud bediening en een van die gawes van die Afgesonderde Gees.

7maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help. 8Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees; 9aan 'n ander vertroue in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees, 10maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale. 11Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil. 1 Kor. 12:7 tot 11.

Bepeins of Bespreek

1. Moet baie van hedendaagse profete nie eerder, soos ‘n Bileam, as waarsêers of voorspellers (*kasam*) beskryf word nie? Verwys ook Deut. 13:1 tot 5 wat YHVH se skietlood van ‘n ware profeet (‘n *nabi*) is!

‘n Katalisator vir YHVH

Toe het hy na `Amalek gekyk, sy vertelling voortgesit en gesê: “`Amalek was eerste onder die nasies, maar sy einde sal vernietiging wees.” Num. 24:20.

In Hebreeus word *Amalek* was die eerste onder die nasies (*heidene*) geskryf as *reisheet goyim Amalek*. *Reisheet* (רֵאשִׁית) beteken *die begin of die eerste ten opsigte van plek, tyd, volgorde of rang*. Dit beteken dat Amalek die eerste (*reisheet*) van Israel se vyande was (Ex. 17:8 en 16).

Om ‘n *Reisheet* genoem te word beteken om soos ‘n katalisator te wees! ‘n Katalisator is ‘n substans wat ‘n chemiese of fisiologiese reaksie aan die gang sit en aan die gang hou, maar

sonder om self in die proses vernietig te word. Slegs ‘n klein hoeveelheid van ‘n katalisator word vir die doel benodig!!

Om *reisheet* genoem te word kan ‘n positiewe of negatiewe betekenis hê!

Die negatiewe: Amalek word *reisheet* genoem, want hy was die begin van Jode-haat. Karl Marx was ‘n *reisheet*, want hy wou ‘n wêreld sonder YHVH-God skeep en sy invloed het ‘n Joseph Stalin en ‘n Mao Tse-tung tot gevolg gehad – ‘n wêreld van geestelike duisternis!

Die positiewe: Torah kan *Reisheet* genoem word, want dit is *die begin* of *die eerste ten opsigte van plek, tyd, volgorde of rang*.

In begin het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1.

In begin het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap. Joh. 1:1.

YHVH se Torah – Sy Woord – het die Skepping vooraf gegaan. Die Skepping het weens Torah ontstaan. Torah was die DNA van die Skepping.

Abraham kan *Reisheet* genoem word, want hy was die begin (eerste) van redding deur vertrouwe en die begin van YHVH se plan om alles te herstel tot soos dit was voor die sondeval.

Israel kan *Reisheet* genoem word, want dit is deur YHVH gekies as die hoofrolspeler in wêreldgeskiedenis.

Thomas Edison kan ‘n *reisheet* genoem word, want wat sou die wêreld sonder ‘n gloeilamp gewees het.

YHVH se Torah is ook die *reisheet* in ons lewens, want dit sit die proses aan die gang van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig. Dit hou ook die proses aan die gang, want gehoorsaamheid aan een gebod (*mitzvot*) lei tot gehoorsaamheid aan die volgende, en aan die volgende, ensovoorts. Torah is die katalisator tot afsondering (heiligmaking)!

Die respekvolle vrees van יהיה is die begin (reisheet) van wysheid; almal wat Sy opdragte uitvoer, het 'n goeie begrip. Sy lofprysing duur vir ewig. Ps. 111:10.

Om *reisheet* genoem te word begin by die keuse wat ons maak!

Die letter *resh* van *reisheet* bevat ook volgens Hebreeuse denke ‘n geheimenis wat sinspeel op die keuse wat elke mens moet maak. Dit kan soos volg verduidelik word: Beide die letter *resh* en *dalet* is ‘n sinnebeeld van ‘n geboë mens – iemand wat gebukkend gaan.

ר Resh ד Dalet

Die horisontale lyn van die *dalet* is effe verby die skuins vertikale lyn. Daardie ‘oorhang’ staan as die *oor* bekend en verteenwoordig ook ‘n *yod* – ‘n sinnebeeld van komend vanaf die hemel en ‘n sinnebeeld van die arm van YHVH. Die ‘oor’ van *dalet* luister vir die stem van die Afgesonderde Gees.

Die twee lyne van *resh* verteenwoordig intellek en spraak, maar sonder die *yod* word beide intellek en spraak selfsugtig aangewend. So ‘n persoon moet ‘n keuse maak tussen die

waarheid en die leuen; tussen lewe en dood. ‘n Keuse tussen die Boom van Lewe of die boom van kennis van goed en kwaad.

Die piktogram van *resh* is ‘n kop van ‘n mens. Die kop is die ‘beheersentrum’ van die mens – die plek waar jy ‘n keuse maak tussen die lewe en die dood; die seën en die vloek (Deut. 30:19). Die keuse wat ons maak bepaal of ons *reisheet* – ‘n katalisator – van die positiewe of die negatiewe genoem gaan word!

Bepeins of Bespreek:

1. Is jy ‘n *reisheet* in jou gesin, familie, vriendekring en gemeenskap? Is jy die katalisator van vertroue in Yeshua en van Torah-gehoorsaamheid?
2. Ons leef in tye waar ons elkeen die katalisator van liefde of haat kan wees. Is jy ‘n *reisheet* van liefde of haat; van vergifnis of onvergifnis?
3. Jy hoef nie ‘n ‘geloofsreus’ te wees om ‘n *reisheet* genoem te word nie, want slegs ‘n klein hoeveelheid katalisator is genoeg om die proses (reaksie) aan die gang te sit en aan die gang te hou!

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.